

25 November

Skrifgedeelte: Matteus 7:1–12

Die goue lewensreël

Eeue voor Jesus Christus het 'n gerespekteerde grysaard uit die Ooste glo gesê: “Moenie aan 'n ander een doen wat jy nie aan jousef gedoen wil hê nie.” Dit klink na 'n baie goeie lewensreël, nie waar nie? Indien almal hierdie reël sou toepas, sal ons sekerlik baie hartseer en leed gespaar word.

Toe kom Jesus Christus later en Hy sê (Matt 7:12): “Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.”. As navolger van jou Verlosser, Jesus Christus, as 'n verlose mens wat graag 'n dankbaarheidslewe wil lei, mag jy nooit passief wees nie, maar altyd aktief! Jy is mos nou 'n mens in wie die gesindheid van Jesus Christus leef. Jy wil graag doen wat Hy vra – onder die leiding van die Heilige Gees. Om die rede is jy 'n mens wat graag dinge wil doen en sal doen – vir ander mense.

'n Mens sou Jesus Christus se opdrag dié goue lewensreël kon noem, want dit is van toepassing op alle verhoudings, op alle plekke. In alles wat jy van 'n ander persoon in 'n verhouding verwag, moet jy hom of haar voorgaan. Dit beteken dat jy nie passief wag dat hy of sy die eerste stap neem nie. As jy graag wil hê dat ander opreg, met respek, geduld en verdraagsaamheid teenoor jou sal optree, moet jy eerste so optree. Ja, al word jou naasteliefde, jou dade en jou opofferings nie noodwendig altyd met liefde beantwoord nie, weet jy steeds verseker: God sien jou gesindheid. Hy sal jou beloon – met die vreugde van die Ewige Lewe.

Ds WJK Saayman (Randburg)